

INHEEMSE KENNIS KORTLEERPROGRAM

SDL het die 18de en die 19de Maart drie kortkursusse in Inheemse Kennis aangebied, naamlik in Natuurwetenskap, Wiskunde, en Tegnologie. Die Natuurwetenskap kursus was gelei deur Dr Neal Petersen, skooldirekteur van Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie vir Onderwys, Prof Josef de Beer, leier van subarea Inheemse Kennis in die Navorsingsfokusarea Self-gerigte leer, en Dr Lounell White. Die Wiskunde kursus is aangebied deur Prof Marthie van der Walt en Mev Erika Potgieter, en die Tegnologie kursus deur Mnr Benjamin Seleke. Veertig onderwysers in Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe, Wiskunde en Tegnologie het die kortleerkursus bygewoon om hulself verder te bemagtig as onderwyser. Die kursusse het 'n baie hands-on benadering gevolg. Deelnemers het 'n wye verskeidenheid aktiwiteite in hierdie twee dae bygewoon om hul kennis en vaardighede as onderwyser uit te brei:



Die onderwysers het saam gestap na die Mikrobiologie fasiliteite van die NWU om in diepte te kyk na sekere bakterieë onder mikroskope, en om onder andere bakterieë te kweek (wat hulle dan op dag twee ondersoek het). Hulle kon 'n petribakkie met 'n preparaat infekteer met bakterieë op verskeie wyses, wat dan oornag in 'n inkubator geplaas is om te kweek. Een kreatiewe en spontane onderwyser kies toe sommer om sy liefde vir Wetenskap te wys deur die petribakkie 'n soen te gee! Hulle het ook reeds geïnfekteerde petribakkies 'behandel' met kruie soos gemmer en kaneel om dan die volgende dag te sien of die speserye die bakterieë kon teenkant.



Later die middag het hulle elkeen toe die geleentheid gekry om 'n opvou mikroskoop (Foldscope) aan mekaar te slaan. Hierdie mikroskope is baie meer koste effektief as konvensionele mikroskope, en maak Wetenskaplike ontdekking onder andere toeganklik vir minder bevoorregte en afgeleë skole.



Die opvou mikroskope is voorafgegaan deur goeie, skoon pret toe die onderwysers seep gemaak het. As deel van die aktiwiteit het hulle eg Suid-Afrikaanse essensiële olies in die seep ingemeng. Hulle het die seep op 'n tweeplaatstofie voorberei en na die proses voltooi is, in klein bakkies gegooi om oornag te stol.



Op die tweede dag het hulle die geleentheid gekry om die resultate van hul petribakkies te sien nadat dit oornag gekweek het. Hulle seep was ook reg vir gebruik nadat dit oornag gestol het.



Hulle het ook meer in diepte geleer oor koöperatiewe leer strategieë wat selfgerigte leer bevorder. Dit het onder ander puppetry ingesluit waarmee hul kennis gemaak het deur van De Bono se dinkhoede gebruik te maak.



Wiskunde onderwysers het die verband tussen musiek en wiskunde konsepte ondersoek, deur onder andere musiek te maak met Boomwhackers. Hulle het ook gefokus op hoe inheemse speletjies soos Marabaraba gebruik kan word om wiskunde inhoud te onderrig. Die Tegnologie onderwysers het weer gefokus op die tegnologiese ontwerpproses, en het bruggies gebou.